# LAINGSBURG MUNISIPALITEIT

## MOTORVOERTUIGFINANSIERINGSKEMA VIR AMPTENARE IN SALARISGROEPE 1 EN 2

1. Amptenare in salarisgroepe 1 en 2 deel in die Raad se motorvoertuigfinansieringskema op die voorwaardes hierin bepaal.

2. Amptenare vermeld in 1 moet daagliks privaatvervoer beskikbaar hê vir die uitvoering van hulle pligte. Geen amptelike vervoer word aan sodanige Amptenare verskaf nie.

**3. MOTORVOERTUIGLENINGS EN DELGINGSTERMYN**

3.1 Die maksimum leningsbedrag waarvoor Amptenare soos in 1 vermeld, kwalifiseer is 100% van hulle bruto jaarlikse salaris.

3.2 Die maksimum leningsbedrag mag nie die vasgestelde persentasie van die betrokke Amptenaar se bruto jaarlikse salaris op die tydstip waarop die lening aangegaan word, oorskry nie. Bonus en enige toelaes is uitgesluit van salaris behalwe in gevalle van PTB en PTG.

3.3 Die maksimum delgingstermyn vir terugbetaling van die motorvoertuiglening is ses jaar (72 maande).

3.4 Lenings mag slegs elke 3 jaar (36 maande) aangegaan word. Geen nuwe lening kan aangegaan word alvorens die vorige lening nie ten volle afgelos is nie. 'n Nuwe lening mag ook aangegaan word in die geval van:

(i) afskrywing van voertuig – ongeluk of brand;
(ii) diefstal; en
(iii) groot breekskade waar herstelkoste meer as 25% van die markwaarde sou beloop;

3.5 Die lening mag nie vir meer as 100% van die werklike koste (BTW ingesluit) van die motorvoertuig aangegaan word nie.

**4. KILOMETERVASSTELLING**

'n Vaste maandelikse kilometerafstand van 850 kilometer geld vir Amptenare wat in hierdie skema deel.

## 5. MOTORVOERTUIGTOELAE

### *5.1 Vastekostetoelae*

'n Maandelikse vastekostetoelae gebaseer op 100% van die "Rand per maand" kolom van die AA se tabel A sal aan Amptenare betaal word afgelees teenoor die maksimum leningsbedrag waarvoor die Amptenaar kwalifiseer.

### *5.2 Kilometertoelae*

'n Maandelikse veranderlike kostetoelae gebaseer op die enjingrootte van die spesifieke motorvoertuig wat die Amptenaar gebruik, afgelees in tabel B van die AA se tabelle, vermenigvuldig met die kilometervasstelling soos in 5 van hierdie bylae, word aan die Amptenaar betaal.

*5.3* Die vastekostetoelae word nie aan 'n lening by die Raad, of die waarde van die motorvoertuig wat in diens van die Raad gebruik word, gekoppel nie.

### *5.4 Aanpassing van toelae*

(i) vastekostetoelae word jaarliks op 1 Julie aangepas volgens die dan geldende tariewe van die AA tabelle.

(ii) kilometertoelae word soos en wanneer die AA tabelle wysig aangepas vanaf datum van wysiging.

## 6. BEVORDERING NA SALARISGROEP 1 OF 2

6.1 Amptenare wat onder die Raad se vervoertoelaeskema oor 'n motorvoertuiglening beskik, kan:

(i) die motorvoertuig verkoop en die uitstaande leningsbedrag aflos waarna hy onmiddellik tot die motorvoertuigfinansieringskema kan toetree; of

(ii) die uitstaande balans van sodanige lening na die motorvoertuig-finansieringskema oorplaas; met dien verstande dat die oorspronklike kontantaandeel wat deur sodanige Amptenaar uit eie sak betaal is, aan hom in kontant terugbetaal word; sodanige uitstaande balans plus kontantterugbetaling in een bedrag gekonsolideer word en die paaiemente oor 'n maksimum van 72 maande bereken word; die Amptenaar ontvang hierna die motorvoertuigtoelae van toepassing op sy pos.

6.2 Waar 'n Amptenaar tot salarisgroep 1 of 2 bevorder word, geld die bepalings van die motorvoertuigfinansieringskema, soos van toepassing op die pos waarheen hy bevorder word. In geval van bevordering kwalifiseer die Amptenaar vir die hoër leningsbedrag en toelae vanaf die datum van bevordering en kan 'n ander motorvoertuig in die skema ingebring word ongeag of 'n termyn van 3 jaar (36 maande) verstryk het.

## 7. ALGEMEEN

7.1 'n Motorvoertuigtoelae word ooreenkomstig hierdie skema aan Amptenare betaal vir reise binne sy owerheidsgrense en hy hoef daarvoor geen bewyse van afstand vir amptelike reise te lewer nie. Vir enige reise buite sy owerheidsgrense moet die Amptenaar vergoed word ooreenkomstig die goedgekeurde tarief vir totale loopkoste vir die werklike afstand afgelê. Bedieningsgebiede van die Raad word geag binne die Raad se grense te wees en geen bykomende vergoeding word vir reise na bedieningsgebiede betaal nie.

7.2 Behoudens die voorwaardes van hierdie skema, berus die keuse van 'n motorvoertuig wat die Amptenaar aankoop, by die Amptenaar.

7.3 Die motorvoertuig waarvoor 'n lening toegestaan word, moet die motorvoertuig wees wat in diens van die Raad gebruik sal word. Indien 'n lening nie by die Raad aangegaan is nie, moet die Hoof Finansiële Beampte in kennis gestel word van die motorvoertuig wat in diens van die Raad gebruik word.

7.4 Vir amptelike reise buite die munisipale gebied van Laingsburg word Amptenare vergoed deur die toepaslike veranderlike koste tarief te vermenigvuldig met die aantals kilometer afgelê.

## 8. OORNAME

8.1 In gevalle waar Amptenare in salarisgroep 1 of 2 in diens van die Raad tree en in 'n motorvoertuigfinansieringskema by die Munisipaliteit wat hulle verlaat, gedeel het, kan sodanige motorvoertuigin die motorvoertuigfinansieringskema ingebou word, behoudens 8.2.

8.2 'n Motorvoertuigtoelae ooreenkomstig die bepalings van hierdie skema word aan sodanige Amptenaar betaal met dien verstande dat die goedgekeurde leningsbedrag soos van toepassing op die pos nie oorskry word nie en die vasgestelde kilometerafstand soos bepaal vir die pos te alle tye sal geld.

8.3 Behoorlike dokumentêre bewys moet gelewer word van die datum waarop die lening aangegaan is, die oorspronklike leningsbedrag, die termyn en rentekoers van die lening, asook die uitstaande saldo.

8.4 Waar 'n tweedehandse voertuig na die motorvoertuigfinansieringskema oorgeplaas of ingebring word, moet die markwaarde van die voertuig bepaal en 'n sertifikaat deur die AA uitgereik word dat die voertuig geskik is vir inskakeling onder die skema.

**9. WAARNEEM IN 'N HOËR POS: BETALING VAN MOTORVOERTUIGTOELAAG**

9.1 'n Amptenaar wat waarneem in 'n pos gegradeer in salarisgroep 1 of 2 volgens die waarnemingsbeleid soos bepaal in die Diensvoorwaardes, sal die toepaslike motorvoertuigtoelaag ontvang (vaste- en lopende koste) onder die Motorvoertuigfinansieringskema;

9.2 In gevalle waar 'n Amptenaar waarneem in 'n pos gegradeer in salarisgroep 1 of 2 en 'n vervoertoelaag ontvang, sal laasgenoemde toelaag bevries word vir die tydperk van waarneming.

9.3 Die betaling van 'n motorvoertuigtoelaag sal geskied vanaf die waarnemingsdatum; en

9.4 Die beleid soos uiteengesit onder 9.1 tot 9.3 hierbo sal mutatis mutandis geld in die geval waar 'n Amptenaar as Munisipale Bestuurder moet waarneem.